



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V2

FEBRUARIE/MAART 2014

MEMORANDUM

PUNTE: 33

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae. Neem kennis dat daar keuses in VRAAG 6 is.
3. Skryf jou antwoorde op hierdie vraestel. Gebruik 'n potlood vir musieknotasie en blou of swart ink vir die ander antwoorde.
4. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl kandidate na 'n CD luister.
5. Die musiekonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die opsiener afneem.
6. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk gebruik kan word. Die kandidaat mag hierdie bladsy verwijder.

INSTRUKSIES AAN DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKTOERUSTING WERK

1. Die instruksies vir die musiekonderwyser verskyn in raampies.
2. Elke musiekuittreksel (snit) moet die vereiste getal kere, soos in die vraestel gespesifiseer, gespeel word.
3. Laat genoeg tyd tussen snitte toe sodat kandidate tyd het om te dink en hulle antwoorde neer te skryf voordat die volgende snit gespeel word.
4. Die nommer van die snit moet elke keer duidelik aangekondig word voordat dit gespeel word.
5. 'n CD-speler wat met batterye werk, moet beskikbaar wees in geval van 'n kragonderbreking.


NASIENROOSTER

VRAAG	TOTALE PUNTE	NASIENER	MODERATOR
AFDELING A			
1	3		
2	1		
3	4		
SUBTOTAAL	8		
AFDELING B			
4	6		
5	3		
6	2		
7	4		
SUBTOTAAL	15		
AFDELING C			
8	10		
SUBTOTAAL	10		
GROOTTOTAAL	33		


AFDELING A: GEHOOR**VRAAG 1: RITMIESE DIKTEE**

Speel Snit 1 VYF keer. Wag vir EEN minuut na elke herhaling.

Noteer die ritme van die ontbrekende note in maat 2, 3 en 4.



Antwoord:



Een regmerkie per noot = $12 \div 4 = 3$ punte

Die laaste noot moet 'n gepunteerde kwartnoot wees.

$12 \div 4 =$ [3]

VRAAG 2: MELODIESE HERKENNING

Speel Snit 2 VIER keer direk na mekaar.

Maak 'n kruisie (X) in die blokkie langs die melodie wat met die klankvoorbeeld ooreenstem.

2.1	 La don-na,è mo-bi-le qual piu-ma al ven_to, mu-ta d'ac - cen_to e di pen - sie_ro.	<input checked="" type="checkbox"/> X
2.2	 La don-na,è mo-bi-le qual piu ma al ven_to, mu-ta d'ac - cen_to e di pen - sie_ro.	<input type="checkbox"/>
2.3	 La don-na,è mo-bi-le qual piu ma al ven_to, mu-ta d'ac - cen_to e di pen - sie_ro.	<input type="checkbox"/> [1]

VRAAG 3: MELODIESE DIKTEE EN KOMPOSISIETEGNIEKE

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

Speel Snit 3 EEN keer vir 'n algemene oorsig.

- 3.1 Speel Snit 4 DRIE keer na mekaar. Laat kandidate 'n maksimum van drie minute toe om die diktee te voltooi, en speel Snit 4 dan nog EEN keer.

Voltooi die ontbrekende note in maat 6–7 op die musiekpartituur by (a).

Antwoord:

(a)

Een regmerkie per noot vir korrekte toonhoogte en ritme = $6 \div 2 = 3$ $6 \div 2 =$ (3)

- 3.2 **Speel Snit 5 EEN keer.**

Watter EEN van die volgende kenmerke is NIE van toepassing op die linkerhandparty NIE? Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

Sinkopasie	Ostinato	Terughouding	Pedaalpunt	(1)
				[4]

TOTAAL AFDELING A: 8

AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKKONSEPTE**VRAAG 4**

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

Speel Snit 6 TWEE keer.

Luister na Snit 6 en beantwoord die vrae wat volg.

4.1 Watter tipe jazz-styl hoor jy?

Antwoord: Swing/Big-band

(1)

4.2 Noem TWEE stylkenmerke wat jy in hierdie uittreksel hoor om jou antwoord te staaf.

Antwoord:

- Big-band-instrumentasie
- Prominente koperblaasseksie
- Sterk 'back beat' (klem op die 2de en 4de polsslae)
- Jazz-spesifieke gevoel

Enige twee = 2 punte

(2)

4.3 Noem DRIE instrumente wat in hierdie uittreksel speel.

Antwoord:

Klavier, trompette, trombone, saksofone (alt en tenoor, bariton), bas, tromme

Enige drie = 3 punte

(3)

[6]

VRAAG 5

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

5.1 **Speel Snit 7 EEN keer.**

Identifiseer die tydmaatteken van hierdie uittreksel.

Antwoord: 4/4 of C ($\frac{1}{2}$ punt vir 2/4)

(1)

5.2 **Speel Snit 8 EEN keer.**

Wat is die opvallendste tekstuur van hierdie uittreksel?

Antwoord: Polifonie/Kontrapunt

(1)

5.3

Speel elk van Snit 9–12 TWEE keer.

Luister na Snit 9–12 en identifiseer die instrumentkategorie of instrument wat jy hoor deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie te maak.

Snit	Aërofoon	Mbira	Tromme en ratel	Chordofoon	Tromme en klokke	Xilofoon
9		X				
10	X					
11					X	
12						X

Speel Snit 9–12 nog EEN keer.

(4)
(6 ÷ 2) [3]

VRAAG 6

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

Beantwoord VRAAG 6.1 OF 6.2 OF 6.3.

Speel Snit 13–15 direk na mekaar terwyl die kandidate die vrae lees.

6.1

Speel Snit 13 DRIE keer.

6.1.1 Met watter Suid-Afrikaanse mysiektipe assosieer jy hierdie musiek?

Antwoord: Kwaito

(1)

6.1.2 Gee EEN rede om jou antwoord op VRAAG 6.1.1 te motiveer.

Antwoord:

- Sintetiese klank gekombineer met Afrika-sangstyl
- Stedelike/Isicamtho-taal word gebruik
- Skreeusang of 'chanted'
- Vermenging van Westerse Popmusiek en Afrikastyl
- 'House'-musiek met disko-ritme

Enige een (enige ander toepaslike antwoord kan korrek gemerk word)

(1)
[2]

OF

6.2 Speel Snit 14 TWEE keer.

6.2.1 Met watter tradisionele Suid-Afrikaanse musiektipe assosieer jy die musiek?

Antwoord: Moppies en ghoema-liedere (1)

6.2.2 Gee EEN rede om jou antwoord op VRAAG 6.2.1 te staaf.

Antwoord:

- Tipiese ghoema-polsslag (twee sestiende en 'n agste-noot begeleiding)
- Tipiese instrumente wat gebruik word: Kitaar, Trom, ens.
- Gebruik van Afrikaans
- Groep-/Ensemblesang

Enige een (enige ander toepaslike antwoord kan korrek gemerk word)

(1)
[2]

OF**6.3** Speel Snit 15 TWEE keer.

6.3.1 Met watter tradisionele Suid-Afrikaanse musiektipe assosieer jy die musiek?

Antwoord: Musiek vir sosiale geleenthede (1)

6.3.2 Gee EEN rede om jou antwoord op VRAAG 6.3.1 te staaf.

Antwoord:

- Vraag-en-antwoord-sang
- Gebruik van Afrikataal (Xitsonga)
- Vokale glysang
- Teks gaan oor 'n voorhuwelikse seremonie
- Geleentheid, spesifiek vir vroue

Enige een (enige ander toepaslike antwoord kan korrek gemerk word)

(1)
[2]

VRAAG 7

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

Speel Snit 16 TWEE keer.

Luister na *Anitra's Dance* deur E Grieg en beantwoord die vrae wat volg.

- 7.1 Maak 'n kruisie (X) in die blokkie wat die tipe ensemble-spel in die begeleiding die beste beskryf.

Strykkwartet	Strykorkes	Blaasensemble	Simfonieorkes
--------------	-------------------	---------------	---------------

(1)

- 7.2 Noem 'n niemelodiese slaginstrument wat jy hoor.

Antwoord: Driehoek (1)

- 7.3 Maak 'n kruisie (X) in die blokkie wat die speeltegniek in die begeleiding die beste beskryf.

Col legno	Pizzicato	Tremolo	Sul ponticello
-----------	------------------	---------	----------------

(1)

- 7.4 Maak 'n kruisie (X) in die blokkie wat die dinamiesevlak in die openingseksie van hierdie uittreksel die beste beskryf.

Forte	Fortissimo	Pianissimo	Mezzo forte
-------	------------	-------------------	-------------

(1)

[4]

TOTAAL AFDELING B: 15

AFDELING C: VORM**VRAAG 8**

Lees deur die vrae hieronder.

Speel Snit 17 EEN keer vir 'n algemene oorsig.

Bestudeer die volgende werk terwyl jy na die musiek luister.

Variasie 19

Vormtipe: _____

JS Bach

(a)

(b)

Toonsoort: _____

Kadens: _____

Speel Snit 17 weer.

- 8.1 Identifiseer die vorm van hierdie werk op die partituur. Dui die verskillende seksies en die toonsoort waarin elke seksie begin, aan.

Tweeledige vorm	= 1 punt
Seksie A	= 1 punt (maat 1)
G majeur	= 1 punt (maat 1)
Seksie B	= 1 punt (maat 17)
G majeur	= 1 punt (maat 17)
Totaal	= 5 punte

(5)

Antwoord:

Variasie 19

Vormtype: Tweeledige vorm

J.S. Bach

The musical score consists of two main sections, A and B, each with multiple staves. Section A starts at measure 1 and ends at measure 11. Section B starts at measure 17 and ends at measure 27. The score includes both treble and bass staves, with various dynamics and articulations. The key signature changes from G major in section A to E minor in section B. Measure numbers 1, 6, 11, 17, 22, and 27 are indicated above the staves. The title "Variasie 19" is centered above the score, and the composer's name "J.S. Bach" is at the top right. The first section, A, is identified as "Tweeledige vorm" (Binary form) and "G majeur" (G major). The second section, B, is also identified as "G majeur" (G major) and "E mineur" (E minor). The ending of section B is labeled "Kadens: Volmaakte kadens" (Perfect endings).

Speel Snit 17 nog EEN keer.

- 8.2 Identifiseer die stylperiode van hierdie werk.

Antwoord: Barok (1)

- 8.3 Hoeveel stempartye kom in hierdie werk voor?

Antwoord: Drie stempartye (1)

- 8.4 Noem die musiekmiddel (komposisietegniek) in die basparty in maat 9–10 by (a).

Antwoord: Sekwens (1)

- 8.5 Noem die toonsoort en kadens in maat 23³–24² by (b) op die partituur.

Antwoord: Volmaakte kadens (V–i) in E mineur

1 punt vir naam van kadens, 1 punt vir toonsoort = 2 punte

(2)

Speel Snit 17 nog EEN keer.

TOTAAL AFDELING C: 10
GROOTTOTAAL: 33